1. Program

Program vir Naskoolleerders	
13:15 (13:00 op Vrydae)	**Graad R, 1 & 2** word afgehaal by Laerskool Wierdapark. Gebalanseerde Middagete bedien. Trek speelklere aan.
13:30 (13:00 op Vrydae)	**Gr 3's** stap self na Wierie Woekerland in die middae. Gebalanseerde Middagete bedien. Trek speelklere aan.
13:50 (13:00 op Vrydae)	**Gr 4-7s** stap self na Wierie Woekerland in die middae. Gebalanseerde Middagete bedien.
14:15	Studietyd (**géén** selfone of enige eetgoed tydens studie nie). **Eie skryfbehoeftes asb.**
15:15-15:30	Broodjies en koeldrank. Gr 4-7s trek speelklere aan.
15:15	Vryspel buite. Een speelding (duidelik gemerk) is toelaatbaar, maar WW neem géén verantwoordelikheid daarvoor nie. **NB!! Geen Selfone.** Geen PSP's of laptops nie – slegs in vakansies. WW verskaf ook geen kragpunte vir die laai van selfone/ elektroniese speelgoed nie.
15:30-16:15	Tweede huiswerkklas agv sport-/kultuuraktiwiteite/ekstra klasse wat u kind moontlik vroeër die middag bygewoon het, of bietjie ekstra aandag nodig het. **Tydens eksamentyd studeer Gr 4-7 tydens die tweede sessie tot 16:15.**
17.30	**Skool sluit**. **Wees asb. betyds. Laatkommers: R50 per 5 min** of 'n gedeelte daarvan, is onmiddellik betaalbaar aan die personeellede aan diens.

2. Benodigdhede

- Bring afskrif van u kind se **Immuniseringskaart**.
- **1 pak Ream A4 fotostaatpapier asb.** - Eenmalig vir die jaar per gesin.
- **Reënseisoen:** 'n Poncho is **verpligtend!** Die poncho moet asb. daagliks in u kind se skooltas wees. U kind en die skooltas is dan beskerm. Te koop by Dischem.
- Gemaklike klere vir die middag en **nie die skooluniform nie.**
- **Eie skryfbehoeftes vir studietyd/huiswerktyd (In 'n gemerkte pennesakkie/blikkie vir Gr1, 2 en 3, aangesien die ander blikkies in hul stoelsakkies by die laerskool gelos moet word). Help asb. in die verband, aangesien dit tydrowend en steurend is om te probeer leen. Dankie vir u begrip!**

Skryfbehoeftes Lysie	
Graad R	• 1 pritt (medium grootte nl 20gr indien moontlik) • 1 Inkleurboek en 1 pakkie uitdraaikryte/kleurpotlode • 1 “Ponal” gom • 2de handse legkaart (35 stukke of meer) • 4 x A4 “quotation” lêers (4 van dieselfde kleur asb.), • 1 grys potlood, skerpmaker met bakkie en n klein skêrtjie • 2 x Dun witbordpenne en klein witbordjie
Graad 1-3	• 4 x Gryspotlode • 1 x Uitveër • Skêr • 30cm Liniaal • Pritt • Skerpmaker met bakkie • Gekleurde potlode (inkleur wer/opdragte) • 2 x Dun witbordpenne + klein witbordjie (Gr. 1)
Graad 4-7	• Penne • Potlode • Uitveêr • Skerpmaker met bakkie • Liniaal • Pritt • Highlighter • Gekleurde penne (Gr 7)

- Ouers, u kan op ‘n gereelde basis enige ou klere, handsakke, skoene en speelgoed vir fantasiespel bring. Ons verwelkom Oupa, Ouma, Pappa, Mamma, Ouboet en Ousus se ou hemde, broeke, rokke, skoene, krale, handsakke, ens.
- Ou tennisballe, skoon sykouse, knope, storieboeke wat u nie meer gebruik nie, ou telefoonboeke, roomysstokkies en geskenkpapier is ook baie welkom.
- Enige papier/karton wat aan die een kant nie drukwerk het nie, is altyd welkom.

3. Vakansie

WW sluit gedurende alle openbare en “spesiale”skoolvakansiedae. Waar moontlik word daar 'n vakansieprogram aangebied. **Naskoolleerders** moet steeds soggens **tuis** ontbyt eet, asook 'n versnapering vir 9:30 saam bring. Fietse word ook soms toegelaat, waarmee daar onder toesig in die parkeerarea gery kan word, maar rygoed word op eie risiko op die terrein gebêre. U word jaarliks betyds ingelig rondom die sluiting- en openingsdatums. Ons poog egter om die personeel ten minste ‘n drie/vier weke vakansie tydens Desember te gee.

4. Aanspreeklikheid

Alle voorsorgmaatreëls word getref vir die veiligheid en welsyn van die kinders.

Die personeel van Wierie Woekerland aanvaar egter geen verantwoordelikheid vir die volgende nie:

- Enige besering wat u kind oppad na of vanaf die kleuterskool gedurende diensure mag opdoen.
- Enige optrede van u kind buite die diensure terwyl hy/sy op die perseel is.
- Enige buitemuurse toerusting nie.
- Enige besitting van u kind nie.

U kind sal 'n vorm ontvang wat asb. deeglik voltooi moet word t.o.v. sy/haar buitemuurse aktiwiteite. Die lys moet dan asb. spoedig moontlik teruggestuur word. Naskoolleerders kan nie noodwendig na alle aktiwiteite vergesel/geneem word, wat buite die skoolterrein plaasvind nie. Dit skep probleme t.o.v. toesig, en soveel te meer wanneer 'n personeellid afwesig is. Enige verandering in buitemuurse aktiwiteite moet per whatsapp boodskap gedoen word asb.

4.1 Kleredrag:

- **Kleredrag**: Gewone klere saam bring om in die middae aan te trek.
- Ons vra asb. dat naskooldogters gepasde klere vir naskool inpak/aantrek. "Ski-pants" onder rokkies te alle tye asb. Geen kort hempies waarvan die magie uitsteek nie en gemaklike kortbroeke (geskikte lengte asb.
- **Maskers**: ***Sit asb. 'n ekstra masker in u kind se tas***. Baie dankie!!

Alle klere moet duidelik gemerk wees. Wierie Woekerland aanvaar geen verantwoordelikheid vir verlore klere nie. Die

Naamplakkers: Skakel Ronel Rademeyer by 084 9141 603

5. Kommunikasiestelsel

- **WhatsApp:** Kom ons gebruik asb. hierdie kommunikasiemiddel positief. Geen negatiewe opmerkings of persoonlike opmerkings moet asb. hier geplaas word nie. Onthou asb. van die "POPI wet". Kleuters ontvang ook elke maand 'n kalender blaadjie per Whats/App waarop punte van belang vir die betrokke maand aangedui word.
- **Adverteer**: Ons kry dikwels versoeke van ouers wat hier by ons skool 'n advertensie wil plaas. Dit is egter teen 'n eenmalige fooi van R50 (per keer) wat ons dan die betrokke advertensie blaadjie in die kinders se tasse sal plaas. Ons doen dan weg met enige ander vorm van advertensie in ons voorportaal. Dankie vir u begrip in die verband.

6. Verjaarsdae en spesiale geleenthede

Partytjies kan by die skool gehou word, waar partytjie pakkies, lekkergoed en/of koek gestuur word. Daar moet asb. net vroegtydig met die personeel reëlings getref word.

7. Gedragskode

Leerders moet:

- Te alle tye gehoorsaam wees.
- Géén vuil- of growwe taal word gebruik nie.
- Huiswerk gedurende studie-tyd voltooi. Indien u kind aktiwiteite gedurende studietyd het, moet hy/sy die 2de studietyd tot en met 16:15 bywoon of tuis die huiswerk vir die betrokke dag voltooi.
- Huiswerk: Ouers, dit bly u verantwoordelikheid om u kind se huiswerk, veral syfervaardighede, intensief te merk en ook hulp te verleen, indien nodig.
- Dit is baie belangrik dat u kind **elke dag** (Gr 1-3) sy/haar leesstukkie (en nog meer?) vir u by die huis lees.
- Gedurende eksamentyd tussen 14:15-16:15 in die studie-lokaal te wees om hom/haar voor te berei.
- Selfone bly ‘n probleem. Selfone moet verkieslik tuis gehou/of in tas wees. **Mag glad nie by naskool gebruik word nie, behalwe in noodgevalle onder toesig van ‘n personeellid. Met ‘n derde waarskuwing, sal die selfoon verbied word. Ons aanvaar geen aanspreeklikheid vir verlore/gesteelde selfone nie.**
- Spoedig in die middae na skool aanmeld by Wierie Woekerland, m.a.w. betyds wees vir middagete, behalwe indien anders gereël a.g.v. naskool-aktiwiteite.
- In die middae eet en **mag nie die Laerskoolsnoepie vóór middagete of tydens naskool ure besoek nie**.
- Mekaar se menswaardigheid, sowel as ander se besittings respekteer.
- Die klaslokaal, terrein en veral die badkamers in 'n ordelike toestand te laat. Geen vandalisme sal toegelaat word nie.
- Slegs een leerling besoek die badkamer alleen, behalwe as 'n personeellid teenwoordig is.
- 'n Lys van naskoolse aktiwiteite by die naskool inhandig.
- NB! In die middae **uitgeteken word** deur 'n **ouer/volwassene**. Geen laerskool boeties/sussies kan ‘n leerder uitteken nie. Dis uiters noodsaaklik. Mag nie versuim nie.
- Wag vir 'n personeellid om die TV of DVD-speler aan te skakel.
- **Geen leerder mag die hek se kode intik nie**. Hulle is nie veronderstel om die kode te ken nie. Dan is daar geen doel om ons sekuriteit so streng moontlik toe te pas, as elke Jan Rap en sy maat die kode ken nie. Dit geld ook vir boeties en sussies. (Laerskool)
- Toesien dat al hulle besittings in hulle skooltas en of naskoolsak toegerits word. U kind neem self verantwoordelikheid vir sy/haar items. **Alles moet duidelik gemerk wees**. Kyk asb. daagliks of u kind al sy klere het, want verlore klere sal slegs vir 2 weke gehou word, waarna dit aan Volkshulp 2000/ laerskool geskenk word.

8. Administratiewe reëlings

8. 1 Registrasie en Ontwikkelingsfonds

Daar word jaarliks 'n nie-terugbetaalde ontwikkelingsfooi van R600.00 per kind, **in Oktober** betaal. Hierdie bedrag word aangewend vir registrasie, asook om administratiewe kostes vir die jaar te dek. Verder dra dit by tot die instandhouding van die skool asook nuwe speelgoed en apparate.

8.2 Skoolgelde

- Skoolgelde is vir **twaalf maande** vooruitbetaalbaar en moet **voor of op die eerste** van elke maand betaal word.
- Eerste paaiement v.d. jaar dus nie later as 1 Januarie.
- Geen halfdag tariewe nie.
- Geen afslag word gegee in die geval van siekte, vakansie of gedeelte van 'n maand nie.
- Rente sal gehef word vir laat betalings.
- Ten volle vereffen voor 28 Februarie (5% korting).

'n Vriendelike versoek dat u **nie** die bewys van betaling aan ons faks **nie**. Die finansiële dame, Jeanette Coetzee (e-pos adres: jeanette.coetzee@live.co.za) gaan alle betalings op die bankstate na, wat vir ons voldoende is. Let egter daarop dat u wel die korrekte verwysing gebruik met 'n elektroniese inbetaling. **Skoolgelde sluit in: Toiletware (wipes, tissues, toiletpapier, handwasseep, ens.), instappies asook alle kunsaktiwiteite.**

NB! NB! NB! Moet asb. géén gelde in u kind se tas saamstuur nie. Indien enige gelde gestuur word, MOET dit in 'n duidelike gemerkte en toegeplakte koevert aan 'n personeellid oorhandig word asb. Ons aanvaar nie kontant SONDER 'n koevert nie. Dankie!

Internetbetalings t.o.v. skoolfonds moet asb. sterk oorweeg word.

Die skoolfooie vir 2023 is soos volg:

Naskool	**R1948**

Ek, Martenikie Maree behou die reg voor om enige kind toegang te weier indien gelde nie betyds betaal word nie.

Bankbesonderhede:
Naam: Wierie Woekerland
FNB: Mall@Reds
Tjekrekening (Business)
Reknr: 624 625 74594
Takkode: 261 550

Beëindiging van ooreenkoms

Een kalendermaand skriftelike kennis is van toepassing vir die staking van bywoning en dienste van Wierie Woekerland om sodoende die ooreenkoms te kanselleer behalwe gedurende **Oktober en November mag u nie kennis gee nie**. U bly verantwoordelik vir die betaling van uitstaande gelde, tot einde Desember.

Verklaring

Hiermee verklaar ons, die ondergetekendes dat ons die inligtingstuk gelees het, met ons leerder(s) bespreek het, dit verstaan, aanvaar en dat ons, ons by die voorwaardes en gedragsreëls sal hou.

Ons verstaan ook dat alle Skoolgelde/Naskoolgelde oor **twaalf maande vooruit** betaalbaar is, dat ons 'n kalendermaand moet kennis gee en dat ons **nie gedurende Oktober of November mag kennis gee nie.** Indien ons wel kennis gee gedurende **dié** twee maande sal ons aanspreeklik gehou word vir fooie tot en met einde Desember.

Ek, as ouer, gee toestemming dat enige personeellid van Wierie Woekerland, my kind na die naaste mediese praktisyn kan neem om mediese behandeling te ontvang, indien ek as ouer nie telefonies bereik kan word nie. Ek onderneem ook om alle mediese onkoste te vereffen.

Naam van leerder/s _____

_____

Naam van Vader (Skryf voluit) _____

ID nr van Vader _____

Tel no _____

Naam van Moeder (Skryf voluit) _____

ID nr van Moeder: _____

Tel no _____

_____ _____

Handtekening Vader Handtekening Moeder

_____/_____/ 20____ _____/_____/ 20___

Datum Datum

Baie dankie vir u ondersteuning.

_____

Cecelia Nortjé

Skoolhoof